

## **Slotopmerkings by 75ste herdenking van Slag van Andringastraat, Stellenbosch, 27 Julie 2015**

**Prof Wim de Villiers, Rektor en Visekanselier, Universiteit Stellenbosch**

Ek wil eerstens die leraar en kerkraad van Christ's Church, Stellenbosch, bedank vir die gebruik van hierdie histories-belangrike gebou vir 'n ewe historiese gebeurtenis vanaand. Die feit dat u sonder huivering die gebou kosteloos aan ons beskikbaar gemaak het, toon u welwillendheid om versoening in ons dorp te bevorder. Baie dankie veral aan past. Wannenburg en Martin Viljoen, 'n US-personeellid wat op die kerkraad dien en dit help moontlik maak het.

Dan wil ek ook die lede van die Stellenbosse gemeenskap wat teenwoordig is bedank vir hul opkoms vanaand. *Your presence here shows a commitment to discussion and a relationship with SU and its students, in spite of devastating events in the past, such as the 'Battle of Andringa St'.*

'n Besondere word van dank aan voormalige inwoners van die gebied wat Die Vlakte genoem is, en hul nasate. Dit was so duidelik uit die woorde van een van vanaand se sprekers, Raadslid Derrick Hendrickse, watter verreikende impak die gebeure van destyds gehad het op ons samelewing. Ons kan dit nie vergeet nie, en ons moet daaroor herbesin en opnuut herontdek. Ons vereer die mense wat diep wortels hier gehad het.

Ek wil aan die US-studente, veral van Dagbreek en Wilgenhof, sê hoe trots ek as Rektor is op julle dat julle die inisiatief geneem het om hierdie funksie te reël. Julle is deel van 'n vrye geslag wat die verantwoordelikheid neem om te help om reg te stel wat in die verlede drasties verkeerd geloop het. So, baie dankie ook aan Wiaan Visser, LLL-denkleier, en Sasha-Leigh Williams, SR-lid, vir die reëlings van hierdie puik funksie.

Die Slag van Andringastraat verteenwoordig 'n laagtepunt in die verhouding tussen die Stellenbosse gemeenskap en die Stellenbosch-studente. Hoe ons op daardie dag was, is nie hoe ons nou wil wees nie en dit is nie hoe ons in die toekoms wil wees nie.

My voorganger, wyle Prof Russel Botman, het baie gedoen om die verhouding tussen die US en die voormalige inwoners van Die Vlakte te help herstel. Ons dink hier aan die publikasie van die boek *In ons bloed*, die hertoewyding van die ou Luckhoff Skool, die permanente foto-uitstalling in die ou Luckhoff Skool, die inrig van die Herinneringskamer (Memory Room) in die Wilcocks-gebou en die ontmoeting by Prof Botman se huis in die Boord tussen Dagbreek-studente en mense wat die Slag van Andringastraat beleef het.

Ek is hier vanaand as Rektor van die US om die rigting wat Prof Botman ten opsigte hiervan ingeslaan het, te bevestig en voort te sit. Ek het hierdie rigting bevestig in my inhuldigingstoespraak met die aankondiging van die beurs vir voormalige inwoners van Die Vlakte en hul nasate. Ek verklaar vanaand ook my bereidwilligheid om met groepe en persone uit hierdie gemeenskap te ontmoet en in gesprek te tree. Sommige gesprekke is reeds gereël en andere volg nog.

Ek glo ons het hier en nou nog 'n geleentheid om die Slag van Andringastraat te help verander in die Vrede en Versoening van Andringastraat, soos die titel van Henry Jeffreys se artikel na die ontmoeting by Prof Botman se huis gelui het. Kom ons werk hard aan hierdie vrede en versoening. Daar is nog baie om te doen, maar vanaand sien ons alle partye is bereid om dit te doen, en dit is bemoedigend.